# Een Mediese Plan Eise

## Inleiding

By Sanlam Lewens wil ons graag reguit met ons kliënte praat. Ons wil hê u moet weet wat ons doen en hoekom ons sekere besluite neem. En dit is die doel van hierdie brosjure – om u ’n bietjie meer te vertel van die Een Mediese Plan en die manier waarop ons met ’n eis werk.

## Waarvoor kan ek kragtens hierdie polis eis?

Dit is belangrik om te besef dat hierdie polis slegs dekking verskaf soos in die kontrak omskryf word. Hierdie polis is nie ’n mediese fonds nie.

## Wat is nodig om my eis te hanteer?

’n Deskundige span bestaande uit ’n mediese en regsadviseur en ’n eisekonsultant hanteer u eis.

1. ’n Volledig ingevulde eisvorm, wat u kan bekom deur ons Inbelsentrum te skakel in Kaapstad by (021) 916-5000 of Pretoria by (012) 303-8888. Hulle sal dit pos of faks.
2. Indien meer as een lid van ’n gesin gelyktydig eis, moet ’n aparte eisvorm ten opsigte van elke lid ingevul word.
3. ’n Operasieverslag indien u ’n operasie ondergaan het.
4. Alle mediese rekeninge soos dié vir die hospitaal, chirurg, narkotiseur en noodvervoer.

Let daarop dat u self verantwoordelik is vir die betaling en verkryging van mediese verslae.

## Wanneer kan ek eis?

Na u ontslag uit die hospitaal. Of na 30 dae as u nog in die hospitaal is.

Let daarop dat Sanlam Lewens nie voorafgoedkeuring, of ’n waarborg vir betaling ten opsigte van hospitalisasie/operasie kan gee soos wat by mediese fondse die geval is nie.

## Wat beïnvloed my eis?

Die datum waarop u mediese toestand gediagnoseer is.
U polis se voordeelbepalings en voorwaardes.
Of u premies gereeld en betyds betaal is.

## Vir watter voordele kom ek in aanmerking?

Dit hang dus af van die voordele op u polis, bv.

Daaglikse Hospitaalvoordeel (DHV)
Groot Mediese Voordeel (GMV)
Sportbeseringsvoordeel (SPT)
Noodvervoervoordeel (ETB)

## Wat betaal Sanlam Lewens uit?

- Kragtens die Daaglikse Hospitaalvoordeel betaal Sanlam die bedrag wat u by die uitneem van u polis gekies het. Dit kan enige bedrag van R100 tot R600 per dag of nog meer wees, afhangend daarvan of daar groei op jou polis is.
- Sanlam betaal eise onder die Daaglikse Hospitaalvoordeel eers na drie dae in die hospitaal. Dit beteken dat u net vir koste vanaf die vierde volle dag kan eis. Geen wagtydperk is van toepassing as u behandeling ontvang in ’n intensiewesorgeenheid, vir motorongelukke waarvoor u binne 24 uur gehospitaliseer is of vir radio- en chemoterapie vir kwaadaardige toestande nie. Daarvoor kan u vanaf die eerste volle dag eis.
- Kragtens die Groot Mediese Voordeel en Sportbeseringsvoordeel betaal ons ’n vasgestelde persentasie van die versekerde bedrag vir operasies of prosedures, soos in die kontrak gelys.
- Die werklike koste van Noodvervoer word betaal wanneer u op aanbeveling van ’n dokter vir ’n lewensbedreigende toestand of siekte na die naaste hospitaal vervoer word.

## Watter toestande kan veroorsaak dat my eis afgewys word?

Toestande wat nie gedek is en wat volledig in u kontrak beskryf word, byvoorbeeld:

- Operasies wat nie in die kontrak vermeld word nie.
- ’n Dagvoordeel wat nie kwalifiseer nie.
- Swangerskap of verwante toestande in die eerste jaar van die polis.
- Histerektomie in die eerste twee jaar van die polis, buiten sekere omstandighede.
- Hospitalisasie vir psigiese toestande.
- Ortodontiese prosedures.
- Mediese inligting wat in die polis-aansoek verswyg is.
- Ongereelde premiebetalings en gevolglike verlies aan dekking.

Vir hulp met u eis, stuur gerus ’n e-pos aan onemedicalplan@sanlam.co.za of tree met u finansiële adviseur in verbinding.